higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T860**(E)**(J26)T

## NASIONALE SERTIFIKAAT

# INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(41140022)

**29 Julie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| frakture; verdedigingsmeganismes; chemiese brandwond; punktuur/steekwond; suurstof; gedeeltelike/parsiële produktiwiteit; spesialisasie; skroeiwond/vogbrandwond; bewusteloosheid; aggressie; vure/brande; ventilasie; huishouding; reflektorbaadjie; hitteweerstandige baadjie; verdrinking; noodhulpkis; Wet op Gesondheid en Veiligheid |

1.1.1 Tipe besering wat gebreekte bene veroorsaak

1.1.2 Gebruik om spanning of angs te verlig, of om mens self daarteen te verdedig

1.1.3 Besering veroorsaak deur bytende stowwe soos sure en alkalieë

1.1.4 Diep wond in verhouding tot die lengte daarvan

1.1.5 Ineenstorting en om vir 'n tydperk nie bewus van mens self en mens se omgewing te wees nie

1.1.6 Basiese element van vuur

1.1.7 Besering veroorsaak deur klam hitte soos stoom, kookwater of enige ander warm stof

1.1.8 Gedrag wat daarop gerig is om fisiese of geestelike skade aan te rig

1.1.9 Om jou op werk in 'n spesifieke veld of beroep/professie toe te spits

1.1.10 Verhouding tussen uitset en een spesifieke produksiefaktor

1.1.11 Een van sewe kategorieë van ongelukke

1.1.12 Sirkulasie van lug in 'n werkswinkel

1.1.13 Alles netjies op hul plek gepak en gebêre in die werkplek

1.1.14 Nie-werksverwante ongeluk

1.1.15 Item wat gebruik word om die liggaam te beskerm

(15 × 1) (15)

1.2 Noem TIEN onveilige optredes/aksies in die werkswinkel. (10)

**[25]**

## VRAAG 2

2.1 Gee VYF voorbeelde van fisiologiese behoeftes wat in Maslow se hiërargie van behoeftes beskryf word. (5)

2.2 Noem DRIE daaglikse invloede wat kultuur op 'n mens se lewe het. (3)

2.3 Definieer kortliks *verplaaste aggressie.* (3)

2.4 Gee voorbeelde van die dinge wat, volgens die gemeenskap, 'n mens se status toon. (4)

2.5 Maak 'n lys van SEWE kommunikasiemetodes in die werkplek. (7)

2.6 Noem DRIE maniere waarop kommunikasie in die werkplek verbeter kan word. (3)
**[25]**

## VRAAG 3

3.1 Beskryf die rol wat spanmaats in 'n werksituasie speel. (2)

3.2 Verduidelik die dinge/punte wat bestuur in ag moet neem om die moreel/moraal van 'n toesighouer hoog te hou. (4)

3.3 Beskryf hoe bestuur die standpunte en opinies van werkers kan bepaal. (4)

3.4 Verduidelik wat jy van 'n werk verwag. (6)

3.5 Noem die faktore waarvan die omvang van frustrasie afhang. (4)

3.6 Noem VYF pligte wat 'n toesighouer in 'n mediumgrootte maatskappy het/uitvoer. (5)
**[25]**

## VRAAG 4

4.1 'n Skoolverlater wat begin werk, moet aanpas by hoe die omstandighede in 'n fabriek van dié in 'n skool verskil.

Verduidelik die verskil tussen die skool waaraan hy gewoond was en die fabriek waaraan hy gewoond moet word. (6)

4.2 Verduidelik kortliks hoe 'n konsiliasieraad saamgestel word en wat die funksies daarvan is. (3 × 2) (6)

4.3 Definieer *bemiddeling* (om 'n verhouding te herstel) en *arbitrasie* ('n bindende ooreenkoms) as 'n manier om 'n dispuut op te los. (2 × 2) (4)

4.4 Watse situasies in 'n werksomgewing kan tot griewe lei? (4)

4.5 Noem DRIE verskillende tipes spaarrekeninge, en beskryf TWEE van hulle. (3 + 2) (5)

**[25]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou